

Wat maak dié vergadering spesiaal?

TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za



DEELTITEL-FORUM

Lesers moet eerstens verstaan dat 'n besluit wat op 'n spesiale algemene vergadering geneem word, nie noodwendig 'n spesiale besluit is nie. Al waarna die term “spesiale” in hierdie konteks verwys, is dat dié vergadering anders as die algemene jaarvergadering is.

Die spesiale algemene vergadering is 'n forum waarop die lede sake kan hanteer wat nie by die algemene jaarvergadering aandag geniet nie. Dit word gewoonlik belê om iets spesifiek te bespreek, maar dit kan ook die voorlegging van besluite as spesiale besluite of eenparige besluite insluit. Ek wil vandag spesifiek sekere aspekte rondom die uitbring van stemme bespreek.

Ten einde geldige besluite te kan neem, moet daar 'n kworum teenwoordig wees. Die kworumvereistes verskil afhangend van die tipe besluite wat oorweeg en waarvoor gestem moet word. In die geval van gewone besluite

word 'n kworum van een derde van die totale aantal lede vereis.

Wat egter belangriker is, is dat dit nie getel word volgens die aantal lede nie, maar eerder volgens hul deelnemingskwotas.

Teoreties is die kworumvereiste vir 'n vergadering waar 'n spesiale besluit voorgelê word, ook een derde van die lede, maar dit word in waarde en getal bere-

ken. Sake is egter nie so eenvoudig nie – soos ek nou gaan verduidelik.

Wat vergaderings betref waar 'n eenparige besluit voorgelê word, is die kworumvereiste 80% van die lede – en die keer word dit getel volgens die aantal lede én hul deelnemingskwotas.

Wat spesiale besluite betref, is daar ook 'n tipe kworumvereiste – een wat sake selfs meer ingewikkeld maak. Ons weet dat 'n spesiale besluit in die Bestuurswet gedefinieer word as 'n besluit geneem deur ten minste 75% (in waarde en getal) van lede teenwoordig of verteenwoordig op die algemene vergadering, óf skriftelik aanvaar word deur ten minste 75% van alle lede –

ook bereken volgens getal en waarde (deelnemingskwotas).

Nou kom Bestuursreël 20(9) en vereis dat indien die spesiale besluit geneem is terwyl daar minder as 50% van lede (gereken in waarde) teenwoordig is, die besluit in effek ongeldig is. Tensy sekere dinge plaasvind . . .

Ek het heelwat kritiek teen die bepaling van Bestuursreël 20(9)



Die spesiale algemene vergadering is 'n forum waarop die lede sake kan hanteer wat nie by die algemene jaarvergadering aandag geniet nie.

en (10), maar ek gaan dit nie vandag bespreek nie. Ek meen die wetgewer het die tel van stemme onnodiglik moeilik gemaak.

Kom ons gaan maar voort: Indien geen kworum binne 30 minute van die vasgestelde tyd van die vergadering teenwoordig is nie, word die vergadering verdaag tot dieselfde dag, plek en tyd in die daaropvolgende week. As daar dan weer geen kworum is nie, word die lede teenwoordig as 'n kworum geag.

Nou wonder julle seker of die bepaling rakende die uitgestelde datum ook ten opsigte van vergaderings met spesiale of eenparige besluite op die agenda

geld. Die logiese antwoord skyn te wees dat dit wel vir 'n spesiale besluit geld, maar nie vir 'n eenparige besluit nie aangesien die wet duidelike voorskrifte stel.

As daar 'n kworum is, kan die vergadering voortgaan. BR 17(6) sit uiteen watter algemene sake hanteer kan word.

Dit sluit nie sake in wat vir die agenda van 'n jaarvergadering bedoel is nie.

'n Voorsitter moet eerstens

in plek wees – of in plek gestel word as daar nie een is nie. Die lede mag ook besluit om 'n ander persoon as voorsitter aan te stel. Die voorsitter se funksies word in BR 18 as volg beskryf:

- (a) Hy mag nie die stemming beïnvloed en vooraf bekend maak hoe hy gaan stem nie;
- (b) moet orde handhaaf en die ordelike meningsuiting toelaat;
- (c) moet sorg dat alle voorstelle en wysiging binne die raamwerk van die agenda en die magte van die vergadering verloop;
- (d) moet sorg dat alle relevante dokumentasie beskikbaar is;
- (e) moet altyd onpartydig en beleefd optree;
- (f) moet toelaat dat alle persone wat geregtig is om te praat, hul sê kan sê sonder onderbrekings;
- (g) moet beslissings gee ten opsigte van procedure-punte;
- (h) moet die vergadering verdaag indien dit nie kan voort-

gaan nie;

(i) moet beslissings gee ten opsigte van dispuutpunte; en (j) moet die voorsitterstoel oorgee aan 'n tydelike voorsitter indien die lede so besluit.

Volgende is die bewys van kennisgewing van die vergadering, gevolg deur die bekendmaking en bevestiging van volmagte (*proxies*). Dan word die stemkaart uitgedeel. Die agenda word dan bekend gemaak en kan aanvaar of gekwysig word, gevolg deur die notule van die vorige algemene vergadering. Die lede moet dit aanvaar.

Enige onafgehandelde sake moet eers bespreek word voordat daar oor die huidige mosies gestem kan word.

Soos vermeld, word die stemme vir 'n gewone besluit volgens deelnemingskwotas getel. Dit beteken dat stemkaarte nodig is. Die stemkaart word dus voorberei sonder enige wete van wie op die vergadering gaan wees. Dit bemoedlik ook die tel van stemme, veral in die lig van BR 20(8): “(8) The outcome of each vote, including the number of votes for or against the resolution, must be announced by the chairperson and recorded in the minutes of the meeting.”

Ek kan veel meer sê oor die problematiek ten opsigte van die stemming, maar ek gaan dit later vanjaar bespreek.